**Skriflesing:** Lukas 3:1-18
**Tema**: Wat regtig vir God tel.

Op politieke, sosiale en godsdienstige gebied het die volk van die Here se geskiedenis weereens ‘n laagtepunt bereik. Die volk het God verlaat en hul kry swaar onder Romeinse heerskappy.

Johannes is die eerste profeet deur wie God sedert Maleagi praat. Hy is die eerste profeet in 430 jaar. Johannes was familie van Jesus want sy ma, Elizabeth, en Maria was familie. In Markus 1:6 lees ons die volgende van hom: “Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelewe.”

Hy het die weg voorberei vir die koms van Jesus. Johannes kondig die eerste koms van Jesus aan. Die Koning het kom, dit is die boodskap van ons Kersfees.

Dit is baie duidelik dat Kersfees oor baie meer as ‘n babatjie in ‘n krip en ‘n luilekker lomerige Kersdag gaan. Kersfees gaan nie net oor God se geskenk aan ons nie. Dit gaan ook oor of ons die geskenk oopmaak en ons eie maak. En ons moet dit dringend doen.

Want ons lees in Lukas 3:9 in “die Boodskap”: “God se oordeel is voor die deur. Hy is op pad na julle toe soos ’n houtkapper met ’n groot byl in sy hand. Hy gaan elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, uitkap en in die verskriklike vuur van die hel gooi.”
In Lukas 3:17 staan daar: “Hierdie Man wat op pad is na julle toe gaan Israel van hoek tot kant skoonmaak. Hy gaan die koring van die kaf skei. Vir almal wat na Hom luister, sal Hy ’n plek gee in God se splinternuwe wêreld. Maar almal wat hulle nie aan God steur nie, sal Hy in die vuur van die hel gooi wat nooit ophou brand nie.”

Ons moet pasop vir ‘n lekker louwarm oorbekende Kersevangelie wat nie vrugte dra nie.
Daar staan in Lukas 3:6 dat Hy kom as Koning wat verlossing bring. Dringende bekering is noodsaaklik.

In Johannes se tyd is boodskappers vooruit gestuur as ‘n koning van plan was om ‘n stad of dorp te besoek. Opdrag is gegee om die paaie gereed te maak sodat die koning makliker kon reis. Mense moes ook reg wees wanneer die koning kom.

In Kerstyd word ons as kinders van die Here opgeroep om te sorg dat ons harte en lewens gereed en ontvanklik is, sodat ons Koning opnuut kan inkom. Ons moet sorg dat die pad na ons lewens oop is.
Ons moet dringend God se kersgeskenk aan ons oopmaak, ons eie maak en uitleef.

En hierdie geskenk is nie net vir ons nie. Ons moet die pad gereed maak sodat almal die Verlosser wat van God kom sal sien, voor Hom sal buig en Hom sal dien.

Wanneer ons die Koning in ons lewe toelaat, werk Hy radikale lewensverandering. Die Heilige Gees steek sy vuur in ons aan die brand. Dit is die doop waarmee Jesus doop. Die Heilige Gees werk in ons ‘n tweede geestelike geboorte. Die Gees steek die vuur van en vir die Here in ons aan die brand.

Dan kan ons nie langer passiewe kripkykers wees nie.
In Johannes se se tyd het dit mode geraak om gedoop te word. Mense het verkeerdelik gedink dat die doop hulle kan red van God se straf. So ‘n doop tel nie vir God nie.

Sommige mense het geroem op hulle voorvaders, hulle het op iemand anders staatgemaak vir redding. Dit tel nie vir God nie.

Wat vir Hom tel is 'n Geesvervulde lewe wat vrugte dra wat by bekering pas.

Die vrug van bekering is volgens Johannes 2 dinge. Dit is om jou besittings met ander te deel en jou werk goed en eerlik te doen. Dit is om naby aan die Here te leef.

Ek hoef niks meer te sê oor wat ons reeds in Lukas 3:11 lees nie: "Hy antwoord hulle: "Wie twee kledingstukke het, moet dit deel met iemand wat nie het nie, en wie kos het, moet dieselfde doen."

Ons harte en hande moet oop wees. Deel met hulle wat nie het nie. Waarskynlik gaan die meeste van ons se Kerstafels weer kreun onder kos. Hoe gaan jy reageer wanneer 'n bedelaar op Kersdag aan jou deur klop?

In Lukas 3:12 lees ons dat die tollenaars na Jesus kom en vra wat hulle moet doen. Die tollenaars was Jode wat as belastinggaarders vir die Romeinse heersers gewerk het en dikwels oneerlike wins gevat het. Die Jode het hulle beskou as derderangse burgers. Die Joodse godsdienstige leiers het hulle uit die sinagoge verban en die ander Jode was bly daaroor.
Jesus het nie sulke voor- of afkeure nie. Hy kom ook vir die veragtes en uitgeworpenes. Hy is bewus van ons sondaar status. Hy het vir ons plek in sy grenslose genade.

Sy geskenk aan ons is radikale lewensverandering. Vanuit die regte verhouding met God, moet ook ons eerlik wees. Dit tel by God.

Vir die veiligheidsmagte sê Hy in Lukas 3:14 dat hulle nie hulle mag moet misbruik nie. En hulle moet tevrede wees met hulle betaling. Dit tel by God.

Ons moet ook opnuut ons rug op sonde draai. Dan sal God ons sondes vergewe. Indien ons nog nie gedoop is nie, moet ons ons laat doop. Deur die doop word ons verseker ons dat God die inisiatief neem. Deur sy Seun werk Hy sondevergifnis. Deur sy Heilige Gees werk Hy nuwe lewe.

**Afsluiting**
Kerstyd gaan oor Jesus Christus, God se geskenk aan almal van ons. Ons mag nie net by die krip en die kersboom vol versierings in vervoering staan en kyk na hierdie geskenk nie.
Hy bring verlossing en lewe. Ons moet hierdie geskenk in geloof vat. Jy moet sy geskenk oopmaak en jou eie maak. En elkeen van ons moet vrugte dra wat pas by iemand wat sy geskenk ons eie gemaak het.
Deel die besittings wat die Here aan jou leen, jou klere en kos, met ander. Doen jou werk vir die Here.
Deel ook jou Geskenk, Jesus Christus, met ander. Hierdie is die dinge wat by God tel!
Amen